Mooirivier Kersmark

kerkkantoor@oosdoppers.co.za
www.mooirivierkersmark.co.za
www.facebook.com/mooirivierkersmark
https://instagram.com/mooirivierkersmark

Rocherstraat 75
Bailliepark
Potchefstroom
2531

Faks: 086 572 3509
Tel: 018 290 7690
Kantoorure: 08:00 - 13:00
Sel: 082 532 8658
Adèle Delport
April 2024

Beste Uitstaller

Welkom by die Mooirivier Kersmark in Potchefstroom!
Die mark vind plaas DV vanaf Donderdag 28 November tot Saterdag 7 Desember 2024.
**Gesluit op Sondag 1 Desember 2024.**

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Maandag, 25 November (Uitpak van artikels vir uitstallers met eie strepieskodering)**
**Woensdag, 27 November (Uitpak van artikels)**
10:00 Opening en verwelkoming (uitstallers en komiteelede)
08:30 tot 18:00 uitpak

**Marktye:** 28 Nov. – 7 Des. open 09:00 (Gesluit op Sondag 1 Desember)

**Saterdag, 7 Desember 09:00 tot 16:00**
16:30 – 17:00 Oppak van stalletjies

## 1. KEURING

- **Datums vir keurings: Saterdag 6 Julie 2024 en Saterdag 13 Julie 2024 (09:00 – 12:00)** (Alle artikels wat tydens die mark verkoop word, is onderhewig aan keuring)
- **Pryse van dé artikels moet tydens die keuring op die artikels verskyn**.
- Sluitingsdatum vir aansoek om keuring is, 3 Julie (vir 1ste keuring) en 10 Julie (vir 2de keuring).
- ’n Voorbeeld van die stalletjies sal tydens die keuringsdag beskikbaar wees.
- U sal so gou moontlik na die laaste keuring in kennis gestel word of u artikels vir die mark goed gekeur is, al dan nie.
- Vir enige navrae i.v.m. die keuring, skakel Rieëtte Venter by 082 898 4197.

## 2. REGISTRASIE

- **Sodra u kennis ontvang dat u artikels goedgekeur is**, **is ’n registrasiefooi betaalbaar om u stalletjieruimte te verseker.**
- U goedkeuringsbrief sal die stalletjie se grootte aandui wat vir u produkte beskikbaar is.
- **’n Nie-terugbetaalbare registrasiefooi** is betaalbaar vóór **30 September 2024**. Hierdie geld bevestig jou uitstalruimte vir die tydsduur van 9 dae van die Mark.
- Indien u nie vóór of op 30 September registreer nie**, moet u ’n reëling tref, anders verval u geleentheid om uit te stal** en kry ’n uitstaller op die waglys ’n beurt.

| **Registrasie** | **Betyds:** Voor 30 Sept ‘24 | **Laat:** Ná 30 Sept ‘24 |
|---|---|---|
| A-Stalletjie (1m x 1m) | R 300 | R 420 |
| B-Stalletjie (1m x 2m) | R 600 | R 840 |
| C-Stalletjie (1m x 3m) | R 900 | R 1 260 |
| D-Stalletjie (1m x 4m) | R 1 200 | R 1 680 |

- Registrasiefooi kan direk in die kerk se rekening inbetaal word.
  (Gebruik asb **KM** vir (Kersmark) en u uitstalnommer/naam/stalletjienaam as verwysing.)

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam | Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos |
| Bank | ABSA |
| Tipe rekening | Tjek |
| Rekeningnommer | 670 340 066 |
| Takkode | 335138 |

Faks/e-pos asseblief u bewys van betaling: Aandag: Adèle Delport
Epos: kerkkantoor@oosdoppers.co.za

## 3. KOMMISSIE

- **18%** van alle verkope word aan die kerk afgestaan.
- U moet u artikels sodanig merk dat die **18% reeds ingesluit is**.
- Artikels se pryse mag nie tydens die mark verander word nie.
- Rond asseblief u verkoopprys af tot die naaste R1.

## 4. STREPIESKODERING

- Ons maak gebruik van ’n strepieskoderingstelsel volgens internasionale standaard.
- As jy jou eie strepieskodering gebruik, moet dit aan ons vereistes voldoen:
  1. Op excel ingelees en aan ons gestuur
  2. Indien daar enige letters in die kodering voorkom moet dit soos volg op excel gestoor word: *voorbeeld1234* of *vliegtuig*
  3. Skandeer en stuur vir ons ’n bladsy met ’n voorbeeld van elke strepieskode op – sodat ons kan seker maak jou strepieskode skandeer reg op ons stelsel!
- Elke artikel moet met ’n strepieskoderingsplakker gemerk word.
- U ontvang ‘n “Voorraadlys-vorm” om te voltooi en **so gou moontlik** (nie later nie as **31 Oktober 2024**) aan ons terug te stuur.
- Plakkers word voor die aanvang van die mark aan u gepos. **Posgeld sal van u verhaal word.**
- Tydens die mark kan plakkers ook aangevra word**. Pryse van voorraad mag egter nie tydens die mark verander word nie, tensy dit vooraf bespreek is.**
  **Vra ekstra plakkers betyds aan.**

## 5. UITPAK VAN ARTIKELS

- Artikels word uitgepak op **Maandag 25 November (uitstallers met eie strepieskodering) en Woensdag, 27 November 2024 tussen 08:30 en 17:00**.
- ’n Tafel (1m X 1.8m X 75cm hoog) sal slegs aan u voorsien word indien u een bespreek het. **Huurkoste vir die tafel is R150 vir die tydperk van die mark**.

**<u>Waarvoor is uitstallers verantwoordelik?</u>**

- Voorsien self 'n tafeldoek wat die hele tafel tot op die grond bedek.
- Uitpak en tentoonstelling van artikels, asook die versiering van die uitstalruimte. (Eie staanders, uitstalkassies, esels, kleurvolle materiaal om dit te bedek/versier, spelde, haakspelde, s-hake, blomme of wat u ook al benodig om u stalletjie te versier.)

- **Nadat u uitgepak het, moet stalletjie deur 'n keuringsbeampte van Mooirivier Kersmark afgeteken word voordat u ry!**
- Daar word van u verwag om **<u>genoeg voorraad</u>** vir die duur van die mark beskikbaar te hê.
- Ekstra voorraad kan onder die tafel gestoor word.

- **Indien u nie die voorraad kan aanvul nie, sal u beboet word met 'n bedrag van R100-00 per dag, en die oop ruimte sal vir ander uitstallers se artikels beskikbaar gestel word.**

- **<u>ONTHOU</u>:** Slegs goedgekeurde en gemerkte artikels mag uitgepak word. Die Kersmarkkomitee behou hulle die reg voor om ongekeurde artikels van die tafels te verwyder.
- **'n Kragpunt kan gehuur word @ R100.** Slegs **energiebesparingsgloeilampe** word toegelaat. GEEN "*spotlights"* nie.
  Dui asseblief duidelik op u registrasievorm aan indien u 'n kragpunt wil gebruik.

- **VOORRAAD WORD ELKE DAG UITGEPAK:** Tussen 07:00 en 09:00 in die oggend.

- **<u>UITPAK NAMENS UITSTALLERS</u>:**
  Indien ons namens 'n uitstaller die stalletjie op Woensdag, 27 November moet uitpak en versier, sal ons **<u>DUBBELKOSTE</u>** vir die stalletjie hef.
  <u>LET WEL:</u> Voorraad moet dan reeds op Maandag 25 November hier wees!

  *Alle artikels moet egter reeds gemerk wees – ons merk nie artikels nie! Stuur dit vir ons vroegtydig en tref asb vooraf reëling hieroor!*

## 6. SEKURITEIT

- Ons het sekuriteit. Indien u ten spyte daarvan enige skade/verliese ly, aanvaar die kerk geen aanspreeklikheid nie.

## 7. SENTRALE BETAALPUNT

- Daar is sentrale betaalpunte by die uitgang.
- Die publiek kan per kredietkaart, debietkaart of kontant betaal.
- "Zapper"-fasiliteit is ook beskikbaar vir betalings.

## 8. REKLAME/BEMARKING

- Goeie bemarking en reklame word gedoen – dit sluit radio, tydskrifte, straatplakkate, strooibiljette en sosiale media in.
- Gaan "like" en "share" ons gerus:

| | |
|---|---|
| Facebook-blad | <u>www.facebook.com/mooirivierkersmark</u> |
| Instagram | <u>instagram.com/mooirivierkersmark</u> |

Besoek ons webblad: www.oosdoppers.co.za/mooirivier-kersmark

Ons sukses hang ook van u aandeel af. Vertel asseblief aan almal van ons mark en nooi hulle hierheen uit!

## 9. UITBETALING

- U geld word direk in u bankrekening inbetaal.
- Voorsien asseblief u bankbesonderhede korrek en volledig.
- Uitbetalings behoort DV teen **20 Desember 2024** gedoen te word.

## 10. OPPAK

- Die mark eindig Saterdag 7 Desember om **16:00.** U (of die persoon met wie u gereël het) moet om **16:10** in die kerk wees vir die amptelike afsluiting (±20 minute) waarna u mag begin oppak. U mag onder geen omstandighede begin opruim vóór die amptelike afsluiting nie.
- Die lokaal moet dieselfde aand nog ontruim word. U het tyd tot **18:00** om u artikels op te pak.

Ons sien uit daarna om u te ontvang! Ons vra u voorbidding vir 'n geseënde Mooirivier Kersmark 2024.

Vriendelike groete
KERSMARKKOMITEE
Navrae: Rieëtte Venter 082 898 4197 of Adèle Delport 082 532 8658

